

Hoërskool Brandwag

November 2017

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE

Graad 11

Vraestel 2 – Geskrewe

TYD: 3 UUR

PUNTE: 150

Hierdie vraestel bestaan uit **13** bladsye (voorblad ingesluit)

Instruksies en inligting

1. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings: Afdeling A (25 punte), Afdeling B (75 punte) en Afdeling C – die geïntegreerde scenario (50 punte).
2. Beantwoord al die vrae.
3. Lees die vrae versigtig, en let op na die punttoekennings. In die algemeen word een punt per feit toegeken. 'n Vraag vir *twee punte* sal dus *twee feite* vereis, ens.
4. Nommer die antwoord volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.
5. Laat 'n reël na elke subvraag oop.

AFDELING A

Vraag 1

Skryf slegs die *nommer* van die beskrywing in Kolom A neer, en langsaan die korrekte *hoofletter* van Kolom B wat daarby pas, byvoorbeeld 1.11 T.

Kolom A	Kolom B
1.1 'n Dokument wat riglyne oor die regte en verantwoordelikhede van gebruikers gee, veral in 'n netwerkomgewing	A. Sensorgrootte
1.2 'n Voorbeeld van 'n reaksietyd van 'n monitor	B. <i>Import</i>
1.3 'n Soort lêer wat data in gewone teksformaat stoor	C. EULA
1.4 'n Spesifikasie van seker toevoertoestelle, gewoonlik in DPI uitgedruk	D. Resolusie
1.5 'n Voorbeeld van <i>blog</i> -programmatuur	E. Intranet
1.6 'n Manier om 'n tekslêer se data by 'n databasis te voeg	F. 2200:1
1.7 'n Soort netwerkkabel	G. AUP
1.8 'n Voorbeeld van 'n inpropprogram (<i>plug-in</i>) wat gebruik word om na multimedia-inhoud te kyk	H. ADSL
1.9 'n Soort netwerk wat radiogolwe gebruik om te kommunikeer	I. QuickTime
1.10 'n Tegnologie wat in slimfone ingebou is en wat vir navigasie gebruik word	J. DTP
	K. JPEG
	L. WordPress
	M. GPS
	N. UPS
	O. 6 ms
	P. UTP
	Q. CSV
	R. Kleurdiepte
	S. WLAN

[10]

Vraag 2

Sê of elk van die stellings 2.1–2.5 hieronder WAAR of ONWAAR is.

As die stelling ONWAAR is, skryf die woord 'Onwaar' neer, en langsaan slegs die woord(e) wat die onderstreepte woord(e) moet vervang om die stelling WAAR te maak.

Let wel: Geen punte sal toegeken word as 'Onwaar' sonder 'n voorgestelde vervanging gegee word nie.

Voorbeeld 1: 'n Drukker is 'n voorbeeld van 'n afvoertoestel.

Antwoord: Waar

Voorbeeld 2: 'n Drukker is 'n voorbeeld van programmatuur.

Antwoord: Onwaar – apparatuur.

- 2.1 Gebruik digitale zoom om foto's van die beste kwaliteit met jou digitale kamera te neem. (1)
- 2.2 CAPTCHA-toetse word dikwels in webtuistes ingebou om *spam* te voorkom. (1)
- 2.3 Gigabit-kabel gebruik lig om data te stuur en is daarom baie vinnig. (1)
- 2.4 'n Lae kontrasskaal (contrast ratio) sal meebring dat die beeld wat op 'n skerm verskyn dof of 'modderig' is. (1)
- 2.5 Die Transpose-opsie kan in *Excel* gebruik word om 'n kolom se data na 'n ry te verander, en andersom. (1)

[5]

Vraag 3

Identifiseer die korrekte antwoord vir elke vraag. Skryf slegs die *nommer* van elke vraag neer, met die enkele *hoofletter* wat die beste antwoord verteenwoordig langsaan, byvoorbeeld 3.11 A.

- 3.1 Watter een van die volgende toevoertoestelle word nie normaalweg op 'n skootrekenaar aangetref nie? (1)
- A. Kamera
 - B. Mikrofoon
 - C. Versnellingsmeter (*Accelerometer*)
 - D. Apparatuurknoppies
- 3.2 McAfee en Kaspersky is voorbeelde van ... (1)
- A. *firewall*-programmatuur
 - B. *malware*
 - C. bedryfstelselnutsprogramme
 - D. antivirusprogrammatuur
- 3.3 Watter een van die volgende verwys na 'n stel reëls waarvolgens 'n toestel outomaties raakgesien en vir gebruik opgestel word wanneer dit bygevoeg word of op 'n rekenaar geïnstalleer word? (1)
- A. USB
 - B. *Plug and Play*
 - C. Protokol
 - D. *Spooling*

- 3.4 Watter een van die volgende kriteria in 'n Access-navraag sal nooit enige rekords vertoon wanneer die navraag uitgevoer word nie?
- A. <> "Radio 702"
 - B. < 100 AND > 120
 - C. = False
 - D. <=#17/02/2000#
- (1)
- 3.5 Watter een van die volgende stellings oor die sentrale verwerkingseenheid (SVE) is ONWAAR?
- A. Die spoed van 'n SVE word in Gigahertz gemeet.
 - B. Die SVE prop in 'n gleuf op die moederbord in.
 - C. 'n 'Quad core'-SVE doen gewoonlik meer doeltreffende verwerking as 'n 'dual core'-SVE.
 - D. Die SVE bevat die programme wat die basiese apparatuur van die rekenaar beheer.
- (1)
- 3.6 Wanneer mens die *Columns*-opdrag in *Word* gebruik om teks in kolomme te plaas, voeg *Word* vanself die volgende aan die einde van die kolomme in:
- A. 'n Sagte *enter*
 - B. *Continuous Section Break*
 - C. *Even Page Break*
 - D. Kolomonderbreking (*Column Break*)
- (1)
- 3.7 Wanneer mens die 802.11-spesifikasie vir 'n rekenaar sien, weet jy die rekenaar ...
- A. het 'n mobiele bedryfstelsel.
 - B. is met Bluetooth toegerus.
 - C. het 'n NIC met koordlose vermoëns.
 - D. kan aan 'n *switch* gekoppel word.
- (1)
- 3.8 Watter een van die volgende is 'n bibliografiestyl?
- A. Harvard
 - B. Intel
 - C. Heading 1
 - D. AVG
- (1)
- 3.9 Watter een van die volgende verwys na 'n 'modus' of 'toestand' waarin 'n rekenaar outomaties geplaas kan word ná 'n periode van onaktiwiteit, om krag te bespaar?
- A. *Green*
 - B. *Slow*
 - C. *Sleep*
 - D. *Freeze*
- (1)
- 3.10 Watter een van die volgende toestelle is nie ontwerp om in 'n GUI-omgewing gebruik te word nie?
- A. *Trackball*
 - B. Sleutelbord
 - C. *Joystick*
 - D. Raakblad
- (1)

[10]

AFDELING B

Vraag 4: Stelseltegnologieë

4.1 Kyk na die spesifikasies vir 'n rekenaar hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

- Intel Core i7 7700HQ 2.8 GHz
- Windows 10 + Office 365
- 8 GB RAM
- 1 TB HDD
- Touchpad
- 15.6" – 1920 x 1080 screen
- Free 16 GB Biometric flash drive

- 4.1.1 Wat is die spoed van hierdie rekenaar se SVE? (1)
- 4.1.2 Gee EEN rede of motivering hoekom jy dink dat hierdie rekenaar waarskynlik 'n *skootrekenaar* is. (1)
- 4.1.3 Gee EEN voordeel van *skootrekenaars* in vergelyking met *tafelrekenaars*, behalwe die feit dat skootrekenaars op batterykrag kan werk? (1)
- 4.1.4 Hierdie rekenaar het baie meer stoor spasie as geheue.
- (a) Hoeveel stoor spasie het hierdie rekenaar in *Gigabytes*? (1)
- (b) Verduidelik waarom rekenaars meer stoor spasie as geheue het, deur te verwys na die funksie van hierdie twee komponente. (2)
- (c) Verduidelik waarom die grootte van die geheue 'n belangrike faktor is om te bepaal hoe 'kragtig' 'n rekenaar is. (2)
- 4.1.5 Verduidelik waarna die 15.6"-spesifikasie vir die skerm verwys, en hoe dit gemeet word. (2)
- 4.1.6 'n Biometriese *flash*-skyf is ingesluit.
Verduidelik kortliks waarna die term *biometries* verwys en wat die voordeel daarvan sou wees spesifiek in die geval van die *flash*-skyf. (2)
- 4.1.7 Office 365 kan van aanlyn stoor of *cloud*-berging gebruik maak.
Gee TWEE nadele van *aanlyn stoor*, behalwe die feit dat jy net toegang daartoe het as jy 'n internetkonneksie het. (2)
- 4.2 Gee TWEE tegniese spesifikasies wat mens in gedagte moet hou wanneer jy 'n drukker koop, behalwe die spoed. (2)
- 4.3 Om programmatuur te 'uninstall' beteken dat jy die programmatuur van die rekenaar of toestel af verwyder.
- 4.3.1 Hoekom is dit nie 'n goeie idee om bloot die lêergids waar die programmatuur geïnstalleer was uit te vee nie? (1)
- 4.3.2 Beskryf kortliks wat die korrekte manier is om programmatuur te 'uninstall'. (1)

- 4.4 Gee EEN rede waarom mens die *Save As*-opsie, eerder as die normale *Save*-opsie, sal gebruik wanneer jy 'n lêer stoor, behalwe dat jy miskien die naam of stoorplek van 'n lêer wil verander. (1)
- 4.5 Gee TWEE kriteria wat jy kan verskaf wanneer jy die *Search*-hokkie in Windows gebruik om 'n lêer waarvan jy die naam vergeet het te vind. (2)
- 4.6 Gee TWEE redes hoekom CD- en DVD-skywe deesdae selde gebruik word om data te stoor. (2)
- 4.7 Dit is moontlik om 'n virus te verwyder deur 'n *skyf te herformateer*.
Verduidelik hoekom dit meer aanvaarbaar sou wees om hierdie metode te gebruik om 'n virus van 'n *flash-skyf* af te verwyder, as om dit te gebruik om 'n virus vanaf die hardeskyf waarop die bedryfstelsel geïnstalleer is, te verwyder. (2)
- [25]

Vraag 5: Netwerk- en Internettegnologieë

- 5.1 Bedieners speel 'n belangrike rol in 'n rekenaarnetwerk.
- 5.1.1 Verduidelik die verskil tussen 'n *kliënt* en 'n *bediener* in terme van hul algemene funksie. (2)
- 5.1.2 Hoe kan 'n *proxy*-bediener toegang tot die Internet vinniger maak?
Verduidelik kortliks hoe dit werk. (1)
- 5.2 Netwerke kan per kabel of koordloos gekoppel wees.
- 5.2.1 Gee TWEE potensiële voordele van 'n koordlose netwerk in vergelyking met 'n netwerk wat kables gebruik. (2)
- 5.2.2 Gee EEN nadeel van die gebruik van optiese veselkables. (1)
- 5.3 Gee TWEE maniere wat daartoe kan bydra dat 'n webtuiste maklik navigeerbaar is. (2)
- 5.4 Gee die alledaagse term wat gebruik word vir die tipe kwaadwillige programmatuur wat probeer om die manier waarop jy jou rekenaar gebruik, te monitor en te volg. (1)
- 5.5 Verduidelik wat 'n *hotspot* is. (2)
- 5.6 Gee TWEE wenke hoe gebruikers hulleself kan beskerm wanneer hulle aanlyn banksake doen, behalwe om 'n goeie wagwoordbeleid toe te pas. (2)
- 5.7 Miljoene lêers word elke dag oor rekenaarnetwerke gestuur.
- 5.7.1 Gee EEN voordeel daarvan om 'n e-posadres soos info123@gmail.com te hê, in plaas van 'n e-posadres soos info123@mweb.co.za. (1)
- 5.7.2 Gee EEN ander manier hoe 'n lêer oor 'n netwerk gestuur kan word, behalwe via e-pos. (1)

[15]

Vraag 6: Inligtingsbestuur

- 6.1 Verduidelik hoekom dit belangrik is om 'dubbelvrae' soos die volgende te vermy wanneer jy 'n meningsopname doen:

Gebruik jy WhatsApp en Facebook? (Ja / Nee)

(1)

- 6.2 Gee TWEE kriteria wat ons kan gebruik om die bruikbaarheid van 'n bron te evalueer, behalwe die datum toe die bron gepubliseer of opgedateer is.

(2)

- 6.3 Die sigbladdata hieronder moet in 'n nuwe tabel in Access ingevoer word. (Net die eerste paar rekords word aangedui.)

Gee DRIE maniere waarop die sigblad verander behoort te word voor die data ingevoer kan word.

	A	B	C	D	E	F
1	Jonker, Tiphany	F	23/11/01		0734506655	Hockey
2	Wilson, Jean	F	16/08/03		0827654421	Tennis
3	Abrahams, Afaaf	F	12/10/01		0733697855	Netball
4	Ngalamene, Nobuntu	F	04/03/03		0839910237	Tennis
5	Mazana, Loyiso	F	15/04/02		0724569875	Swimming

(3)

- 6.4 Noem EEN hulpmiddel wat gebruik kan word om data in 'n sigblad te ontleed, behalwe die gebruik van funksies en formules.

(1)

- 6.5 Gee EEN rede, in terme van die verwerking van data, hoekom dit beter is om geslote vrae in 'n meningsopname te gebruik.

(1)

- 6.6 Die proeflees van jou finale kopie is 'n belangrike stap om te verseker dat 'n verslag afgerond is en geen foute bevat nie.

Verduidelik wat die proeflees van jou finale kopie behels deur TWEE praktiese wenke in hierdie verband te gee.

(2)

[10]

Vraag 7: Sosiale Implikasies

- 7.1 'n Aantal apparatuurtoestelle is ontwikkel om rekenaars meer toeganklik vir mense met gestremdhede te maak.

7.1.1 Noem TWEE apparatuurtoestelle wat mense wat probleme met motoriese beheer het, sal help, bv. mense wat aan artritis ly.

(2)

7.1.2 Die numeriese sleutelborde op OTM-masjiene het klein puntjies op elk van die sleutels.

Ter wille van watter soort gestremdheid is hierdie eienskap van OTM-masjiene ontwerp?

(1)

- 7.2 Gee EEN manier hoe die diefstal van apparatuur voorkom kan word, behalwe om kettings en kabelslotte te gebruik.

(1)

- 7.3 Die konsep van die *virtuele kantoor* hou verband met die gebruik van IKT's in besigheid. Verduidelik wat 'n virtuele kantoor is, en gee die hoofvoordeel van 'n virtuele kantoor in vergelyking met 'n meer konvensionele ('standaard'-) kantooromgewing. (2)
- 7.4 Gee EEN visuele aanduiding op 'n e-handelswebtuiste, wat sou bevestig dat die webtuiste veilig is om vir finansiële transaksies te gebruik. (1)
- 7.5 Beskryf die rol wat e-pos by *phishing* speel. (2)
- 7.6 Verduidelik hoekom selfs die sterkste wagwoord nie noodwendig sal verhoed dat mens 'n slagoffer van sosiale manipulasie word nie. (1)

[10]

Vraag 8: Oplossingsontwikkeling

- 8.1 Tina werk aan 'n dokument van vyf bladsye. Die dokument is in portretformaat en sy wil net die middelbladsy (bladsy 3) verander na landskapformaat. Beskryf kortliks wat sy moet doen sodat net bladsy 3 in landskapformaat sal verskyn. *Let op:* Jy hoef nie na spesifieke kieslysopsies te verwys nie. Beskryf eerder die algemene stappe wat sy moet volg. (2)
- 8.2 Noem die woordverwerkingseienskap wat ingespan moet word voor 'n outomatiese *Table of Figures* in 'n dokument ingevoeg kan word. (1)
- 8.3 Watter eienskap van 'n woordverwerker kan gebruik word om persoonlike weergawes van dokumente te skep, waarin dieselfde basiese inligting aan 'n aantal mense gestuur moet word? (1)
- 8.4 Die sigblad hieronder word gebruik om in kolom F te bereken hoeveel geld 'n groep leerders vir hul werk in die skool se snoepie sal ontvang. Die aantal ure wat hulle werk word in kolom E gestuur, en die betaling per uur in sel F2. (1)

Bestudeer die sigblad en antwoord die vrae wat volg:

	A	B	C	D	E	F
1	Snoepie-hulp					Betaling per uur
2	#	Naam	Van	Geboortedatum	Ure gewerk	R40.00
3	1	Victor	Matole	17 February 2001	3.5	R140.00
4	2	Tommy	Evertse	05 August 2000	2.0	R280.00
5	3	Sibulele	Ngoato	12 January 2002	4.5	R1 260.00
6	4	Sarah	Abrahams	06 April 2001	3.0	R3 780.00
7	5	Petro	Hendricks	#####	4.0	R15 120.00
8	6	Ayanda	Moss	#####	3.5	R52 920.00
9	7	Robyn	De Klerk	24 October 2001	2.5	R132 300.00

- 8.4.1 Gee 'n lys van al die kolomme waarvoor die COUNT-funksie nie gebruik kan word om te bepaal hoeveel leerders daar in die sigblad is nie. (1)
- 8.4.2 Gee die waarskynlikste rede vir die verskyning van die hitssimbole (####) in selle D7 en D8. (1)
- 8.4.3 Gee slegs die naam van die funksie wat gebruik kan word om te bepaal hoeveel leerders vir 3.5 uur of langer gewerk het. (1)
- 8.4.4 Die formule =E3*F2 in sel F3 bereken die korrekte bedrag (d.i. R140.00).
Verduidelik hoekom die bedrae in selle F4 tot F9 almal verkeerd is, en hoe mens kan verseker dat die korrekte bedrae bereken word. (2)

8.5 Die besonderhede van leerders wat aan 'n konsert deelneem, is in 'n databasistabel ingevoer. 'n Uittreksel van die rekords in die databasistabel word hieronder gegee.

Bestudeer die uittreksel en antwoord die vrae wat volg:

Surname	Name	Grade	E-mail	Performer
Schuurman	Ashley	9	xander@cloudafrica.net	Yes
Rynevelo	Miekaeel	8	miekaeel@gmail.com	Yes
Albany	Vanessa	11	vanessa@is.co.za	Yes
Schuurman	Ashley	8		No
Smith	Nathan	10	nathan@cloudafrica.net	Yes
Asia	Meghan	9		Yes
Kimfley	Alicia	10	alicia@live.com	No
Stiglingh	Néyko	9	néyko@voxtelekom.co.za	Yes

- 8.5.1 Is daar 'n geskikte keuse vir 'n primêre sleutel, gebaseer op die data wat tans in die tabel gestoor is? Motiveer kortliks jou antwoord. (2)
- 8.5.2 Op watter een van die vyf velde sou dit die meeste sin maak om 'n verstekwaarde (*default value*) te stel? Motiveer kortliks jou antwoord. (2)
- 8.5.3 Wat sou die mees geskikte datatipe wees om aan elk van die volgende velde toe te ken, gebaseer op die data in die velde gestoor?
- *Grade*
 - *Performer*
- Let op:* Skryf die naam van elke veld neer, en langsaan die datatipe wat jy vir daardie veld sou kies. (2)

[15]

AFDELING C

'n Rekenaarsentrum sal as 'n nasiensentrum vir die eksamens van 'n rekenaarkursus gebruik word. Studente word gevra om met die vaslegging en verwerking van punte te help. Die kursusorganiseerders se rekenaaraapparaat sal na die sentrum geneem word vir nasienwerk en administrasiedoeleindes.

Vraag 9: Geïntegreerde Scenario

- 9.1 Pakke eksamenskrifte wat nagesien moet word, word in plastiekhouders geplaas. Gewoonlik word *strepieskodes* aan die houders geheg, maar dit word oorweeg om eerder *RFID-tags* te gebruik.
- 9.1.1 Wat is die algemene funksie van beide strepieskodes en *RFID-tags* in hierdie konteks? (1)
- 9.1.2 Verduidelik hoekom *RFID-tags* 'n beter keuse as strepieskodes sou wees, behalwe enige sake wat verband hou met spoed of die hoeveelheid data wat gestoor is. (1)
- 9.2 In vorige jare is die punte op alleenstaande (ongenetwerkte) rekenaars vasgelê ('ingevoer').
- 9.2.1 Beskryf kortliks TWEE probleme wat die gebruik van alleenstaande rekenaars in hierdie scenario kan veroorsaak. (2)
- 9.2.2 Wat sou die hoofvoordeel wees om 'n 2.5"- eksterne hardeskyf eerder as 'n 3.5"- eksterne hardeskyf te gebruik om data tussen die rekenaars oor te dra? (1)
- 9.3 Die sentrumbestuurder neem 'n kopie van al die punte wat elke dag vasgelê word elke aand huis toe. Wat sou die hoofrede hiervoor wees? (1)
- 9.4 Toegang tot die USB-poorte op al die netwerkrekenaars sal beperk ('geblokkeer') word. Gee TWEE waarskynlike redes hoekom dit gedoen word. (2)
- 9.5 Die lêers vir die praktiese eksamens is op CD's gestoor. Die meeste van die rekenaars het nie optiese aandrywers geïnstalleer nie.
- 9.5.1 Een of twee rekenaars het DVD-aandrywers. Kan die praktiese lêers op hierdie rekenaars gelaai en nagesien word? Motiveer jou antwoord. (1)
- 9.5.2 Gee TWEE redes hoekom CD's, en nie 'n ander soort bergingsmedium nie, gebruik is om die lêers te stoor.
Moenie net eenwoordantwoorde verskaf nie. (2)
- 9.6 Weens vorige ondervinding het die sentrumbestuurder gevra dat 'n UPS in die netwerk gebruik word.
- 9.6.1 Wat is die algemene doel van 'n UPS? (1)
- 9.6.2 Watter rekenaar binne die netwerk is die beste om aan die UPS te konnekteer? Motiveer jou antwoord. (2)

- 9.7 Die sentrumbestuurder is aangeraai om die rekenaars te defragmenteer om die *hoeveelheid beskikbare skyfspasie te vermeerder* en ook om *die werkverrigting van die rekenaars te verbeter*.
Lewer kommentaar op albei gedeeltes van hierdie advies deur te verduidelik wat skyfdefragmentasie doen, en wat die basiese doel van skyfdefragmentasie is. (3)
- 9.8 Die nasieners van die HTML-vrae moet die HTML-kode in 'n webblaaier kan sien. Maak dit saak of *Internet Explorer, Mozilla Firefox* of *Yahoo!* vir dié doel vir hulle geïnstalleer is?
Motiveer jou antwoord. (2)


[19]

Vraag 10: Geïntegreerde Scenario (vervolg)

- 10.1 Die sentrumbestuurder moet die reëls en vereistes aangaande nasieners by die sentrum uitdeel. Sy het 'n hardekopie van die vorige jaar, maar moet veranderinge aan die dokument maak.
- 10.1.1 Wat bedoel ons met die term hardekopie? (1)
- 10.1.2 Beskryf die stappe wat sy sou moes volg om 'n nuwe redigeerbare dokument te kan skep. (2)
- 10.2 Die sentrum moet daagliks 'n verslag via die maatskappy se webtuiste inhandig. Die sentrum het 'n ADSL-lyn wat met die Internet verbind is.
- 10.2.1 Verduidelik hoekom dit vir die sentrumbestuurder moontlik mag wees om die skool se ADSL-lyn te gebruik selfs al is haar rekenaar nie fisies aan die skool se netwerk gekoppel nie. (2)
- 10.2.2 Terwyl sy probeer om aan die maatskappy se webtuiste te koppel, spring 'n boodskap op wat sê dat 'n konneksie met die webtuiste nie moontlik is nie weens 'n *firewall*-instelling.
Verduidelik wat 'n *firewall* is en watter funksie dit in hierdie konteks uitvoer. (2)
- 10.3 Toe die sentrumbestuurder uiteindelik aan die webtuiste koppel, vra dit haar om haar wagwoord te hernu soos hieronder aangedui.
- | | |
|-----------------------------|-------|
| <i>Enter old password</i> | ***** |
| <i>Enter new password</i> | ***** |
| <i>Confirm new password</i> | ***** |
- 10.3.1 Hoekom dwing sommige stelsels gebruikers om elke nou en dan hulle wagwoorde te verander? (1)
- 10.3.2 Hoekom word die wagwoorde deur asteriske ('*****') verteenwoordig en nie deur die letters van die wagwoord nie? (1)
- 10.3.3 Hoekom laat webtuistes nie toe dat mens net die nuwe wagwoord kan kopieer en plak in die *Confirm new password*-blokkie nie? (1)

- 10.4 'n Vergadering moet met al die nasieners by die sentrum gehou word. Hiervoor moet 'n dataprojektor opgestel en met die HDMI-poort van 'n skootrekenaar verbind word. 'n Video van die vergadering word gemaak om by ander sentrums gebruik te word.
- 10.4.1 Gee EEN voordeel van die gebruik van 'n *HDMI*-konneksie in vergelyking met 'n *VGA*-konneksie, behalwe die feit dat die beeld wat dit lewer se kwaliteit beter is. (1)
- 10.4.2 'n Boodskap wat 'n keuse tussen 'n *16:9*- of 'n *4:3*-instelling bied, verskyn op die skerm.
Gee die naam van hierdie instelling en verduidelik waarna dit verwys. (2)
- 10.4.3 Die lokaal is nie baie donker nie, en die dataprojektor sal taamlik helder gestel moet word.
Watter metingseenheid word gewoonlik gebruik om die maksimum helderheid van 'n dataprojektor aan te dui? (1)
- 10.4.4 Die video-opname van die vergadering moet op die maatskappy se *Dropbox*-rekening bygevoeg word.
Verduidelik wat 'n *Dropbox*-rekening is en waarvoor dit gebruik word. (2)
- 10.4.5 Hoekom sou die gebruik van 'n *Dropbox*-rekening 'n beter opsie wees as om die video per e-pos te stuur? (1)
- 10.4.6 Sou hierdie videolêer in *MP3*- of *MP4*-formaat gestoor wees?
Motiveer jou antwoord deur te sê waarvoor elk van hierdie formate gebruik word. (2)
- 10.4.7 Noem EEN ander formaat waarin hierdie videolêer gestoor kon gewees het. (1)
- 10.5 Foto's vir ID-kaarte vir die nasieners word gewoonlik sommer met 'n selfoon geneem. Daar is egter kameras wat vir meer professionele gebruik ontwerp is, wat dit bv. moontlik maak om lense te verander, en so meer.
- 10.5.1 Wat is die naam of afkorting wat gebruik word om hierdie soort gesofistikeerde kamera te beskryf? (1)
- 10.5.2 Gee TWEE maniere waarop die foto's van die selfoon of kamera oorgedra kan word, behalwe om 'n kabel te gebruik. (2)
- 10.5.3 Die selfoon kan foto's met 'n *10 MP*-instelling neem.
Hoekom is dit NIE nodig of wys om hierdie instelling te gebruik nie? (1)

- 10.6 Die nasieners van die teorie-afdeling is besig om 'n vraag na te sien waar studente voorbeelde van *moderne sosialenetwerktuistes* moes gee. Die nasieners gebruik 'n Google-soektog om voorbeelde van nuwer sosialenetwerktuistes te vind. Dit gee 157 miljoen moontlike treffers (*hits*).



Beskryf TWEE maniere hoe hierdie soektog verbeter kan word om minder, meer relevante resultate in hierdie spesifieke scenario te lewer. (2)

- 10.7 Twee studente word daarvan verdink dat hulle in die praktiese eksamen oneerlik was aangesien hul antwoorde in hul sigbladdêers identities is. Iemand stel voor dat daar na hulle *metadata* gekyk word.

Verduidelik wat metadata is, en hoekom dit die nasieners kan help besluit of die een die ander een se lêer kon gekopieer het. (2)

- 10.8 'n Uittreksel uit 'n sigblad wat gebruik word om die betaling van eksamenassistente te bereken, word hieronder aangedui. Hulle word betaal vir die aantal ure wat hulle werk.

Die funksie in sel D4 is: **=IF(B4>=2,C4*\$C\$1,C4*\$C\$1/2)**

	A	B	C	D
1	Betaling van eksamenassistente	Bedrag per uur	R40.00	
2				
3	Naam	Jare ondervinding	Ure gewerk	Betaling
4	Smith, Ignatius	0	100	R2 000.00
5	Cabela, Xola	2	100	R4 000.00
6	Ramanathan, Lily	5	40	R1 600.00
7	Adams, Cecilia	1	5	

- 10.8.1 Watter spesifieke kriteria word gebruik om die *bedrag per uur* wat eksamenassistente verdien, te bepaal? (2)

- 10.8.2 Hoeveel sal die eksamenassistent *Adams, Cecilia* (ry 7) in totaal verdien? (1)

[31]

TOTAAL: 150